

Heilbron se lande lewer goud op

Heilbron het vanjaar sy naam behoorlik hoog gehou in Graan SA se Grow for Gold Nasionale Opbrengskompetisie, met twee plaaslike produsente wat in hul onderskeie kategorieë en streke as wenners aangewys is.

Die kompetisie bied aan graanprodusente die geleentheid om hul opbrengste binne verskillende gewas- en produksiekategorieë met ander produsente te vergelyk. In 2026 het 110 inskrywings deelgeneem, teenoor 79 die vorige jaar, en die wenners is tydens die Grow for Gold-toekenningsgeleentheid op 22 September in Muldersdrift aangekondig.

Vir Johan en GF van Rooyen was die inskrywing egter nie iets wat maande vooruit beplan is nie. GF vertel dat niemand hulle spesifiek genomineer het nie. Hulle hou bloot elke jaar die kompetisie dop om te kyk of hulle moontlik kan deelneem.

Hierdie jaar het die geleentheid homself onverwags voorgedoen.

Die Van Rooyens was besig om 'n land se mielies te stroop toe hulle besef het die land lewer meer as 10 ton per hektaar en toon goeie potensiaal. Wynand Nortjé van Dekalb het hulle aangemoedig om die land vir die kompetisie in te skryf.

Hulle het besluit om die land verder te stroop, maar die beste twee hektaar vir die kompetisie te los.

Dié besluit het vrugte afgewerp. Wynand het later vir GF laat weet dat hulle deur is na die finaal,

waarna GF en Johan op 22 September Muldersdrift toe is vir die toekenningsgeleentheid.

Die Van Rooyens het met 'n opbrengs van 13,353 ton per hektaar in die Eastern-Free State Region met Bayer se DKC77-26BR as wenner in hul kategorie uit die stryd getree.

Vir die van Rooyens was die oorwinning egter nie iets wat hy noodwendig verwag het nie.

“Die wen was onverwags,” sê hy en skryf die goeie resultaat toe aan 'n kombinasie van faktore – goeie grond, genade en seën van die Hemelse Vader, goeie bemesting en genoeg reën.

Maar die Van Rooyens was nie die enigste Heilbron-produsente wat vanjaar uitgeblink het nie.

Johan Strydom het Heilbron se naam verder hoog gehou toe hy met sy sonneblom die Eastern Production-streek se kategorie gewen het. Strydom het 'n opbrengs van 3,705 ton per hektaar behaal met Pannar se PAN 7160 CLP.

Vir Strydom was dit sy eerste keer wat hy aan Grow for Gold deelgeneem het. Hy het, soos enige ander seisoen, sy sonneblom gestroop en gesien dat dit goeie opbrengs lewer. Dit het hom laat besluit om vanjaar vir die eerste keer in te skryf. Dat hy toe sy streek gewen het, was vir hom 'n aangename verrassing.

Die 2026 Grow for Gold-kompetisie het in totaal 11 nuwe kompetisierekords opgelewer, wat die hoë vlak van opbrengste onder vanjaar se deelnemers beklemtoon.

Vir Heilbron is daar dus vanjaar

nóg iets om op trots te wees: twee plaaslike produsente wat tussen Suid-Afrika se hoë-opbrengsprodusente hul

merk gemaak het – een met mielies en een met sonneblom.

Category: Maize Region: Eastern-Free State Region



Johan & GF Van Rooyen
Heilbron
Yield: 13,353 ton/ha
Cultivar: Bayer
DKC77-26BR



Category: Sunflower Yield Region: Eastern Production



Johan Strydom
Heilbron
Yield: 3,705 ton/ha
Cultivar: Pannar
PAN 7160 CLP



**TOP-SAADGENETIKA
EN -TEGNOLOGIE**

acceleron

Roundup Ready 2

YieldGard

HAZ 2



Wynand Nortjé: 071 606 5963

BKB

The Trusted Name of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING
Donderdae - Royal Auction Centre



Vir kraalbesprekings en inskrywings, skakel:
Stiaan Smit: 067 596 2491

*Waar sake elke keer,
die eerste keer,
reg gedoen word!*

**NOVON
PROTECTA**

Johnny Claassen - 082 779 3417

JCB

Vir al jou chemie en kunsmis behoeftes!

Eben Claassen - 072 581 7627



Twee wonderwerkies is gebore

• Sylvia Meades

Kom ek sê somer met die intrapslag vir jou waarom ek graag met jou wil gesels.

Dit is om en by tien jaar gelede dat ons gesien het hier is Gevlekte Ooruile in ons omgewing. Ek het gedink hulle is óf dapper óf desperaat om van die oop veld af na ’n bewoonde gebied toe te kom. Ek is steeds nie seker wat die werklike rede is nie.

Lang storie kort. Dr Gerhard Verdoorn het die presiese voorskrifte verskaf en ons het vir hulle ’n huis gebou. Dit het egter twee jaar geneem voordat hulle besluit het hulle kan ons genoeg vertrou om te kom intrek. Ons was natuurlik oorstelp van vreugde toe hulle dit wél gedoen het.

Nóg ’n lang storie kort. Die afgelope agt jaar kom hulle elke jaar om in hulle huis te kom kinders grootmaak. Dit is die grootste voorreg om die proses met hulle te deel. Van Pappa wat vir Mamma kos aandra terwyl sy die eiers warm hou tot albei ouers wat vir die kinders kos aandra sodat hulle kan groei. En dan die afwagting om te sien wanneer die eerste donsige koppie bokant die “muur” van die huis uitsteek! Dit is kostelik om te sien hoedat Pappa gedurende die dag aan die agterkant van ons huis in ’n hoë boom sit om te sien dat sy kinders olraait is in die huis. En hoe Mamma baie nader, skuins bokant hulle huis, sit om haar kinders te kan dophou. Daar broei elke jaar net tweetjies uit.

Dan volg die proses van verwoed vlerke oefen binne-in die huis. Die rede? Die solovlug uit die huis uit grond toe. Nou moet klein piekanien begin leer om soos Pappa en Mamma te vlieg, kos te soek.... en te probeer om uit vyande se pad te bly.

Dit is hier waar ’n mens begin om saam met die ouers (so dink ek) jou hart vas te hou dat hulle veilig sal grootword sodat hulle veld toe kan gaan om met hulle grootuil-lewe te begin. Hulle is egter



ongelooflik weerloos terwyl hulle nog leer om te vlieg. Honde, katte, mense en mense met gewere kan hulle bedreig.

Dit is hier waar ek graag wil aanspraak maak op die mooi van jou hart. Uile is wilde voëls. Kom ons geniet hulle vir die rukkies dat hulle, hulle lewens met ons kom deel. Kyk vir hulle, waardeur die voorreg wat jy en ek het om hulle gedrag dop te hou en na hulle “Hoe-Hoe” te luister in die aand voordat ons aan die slaap raak. Moet hulle in hemelsnaam nie vang en in ’n hok sit nie!! Die Here het hulle gemaak om in die blou hemel rond te vlieg en om die goggas, muise en rotte wat vir ons skade veroorsaak, op te eet. En hou asseblief onmiddellik op om die bygeloof van uile op dakke te glo. Hulle is nou al vir agt jaar elke jaar op ons huis se dak en deur die Vader se genade, is niemand nog dood nie. ’n Mens gaan mos dood wanneer dit jou tyd is om te gaan. Uile het op die aarde niks daarmee te doen nie. En die persoon wat verlede jaar se klein uiltjie – wat nog nie behoorlik kon vlieg nie – op die hoek van Derde en Sewende straat doodgeskiet het..... gaan skiet asseblief skyf na ’n dooie objek! Jy is beslis nie ’n held nie! Daardie uiltjie het nie vir jou, of vir enigiemand anders, enige kwaad aangedoen nie.

Laaste versoek: Wil jy nie asseblief aansluit by ’n GENIET-DIE-UILE-GROEP wat ons in Heilbron om die been kan bring nie? Ons kan ’n Whatsapp-groepie stig om vir mekaar te vertel waar ons uile sien en wat ons oor hulle waarneem. Op dié manier kan ons iets nuuts leer, kan ons die vreugde van die Natuur in ons omgewing geniet – en kan ons mekaar ook somer op die koop toe beter leer ken. Terloops, daar is weer twee klein wonderwerkies in hulle huis op ons erf gebore. Hulle sal eersdaags hulle solovlug uit die huis uit neem. Dit is dan weer ons verantwoordelikheid, joune en myne, om vir Pappa en Mamma te help om hulle kinders veilig te laat grootword sodat hulle veld toe kan gaan.....tot volgende broei-seisoen. Nou toe, jy kan niks verloor nie... kom ons stig ’n GENIET-DIE-UILE groep. En mettertyd brei ons dit dalk uit na ander wilde diere wat in ons dorp en omgewing voorkom.

Engo Gesinssorg leer brandveiligheid eerstehands



’n Brand kan binne ’n oogwink ontstaan, daarom is dit belangrik om te weet wat om te doen wanneer die vlamme onverwags opduik. Die hele personeel van Engo Gesinssorg het onlangs hul kennis oor brandveiligheid opgeskerp tydens ’n praktiese brandblusserskursus.

Die personeel het geleer hoe om ’n brandblusser korrek te gebruik en, nog belangriker, hoe om veilig op te tree wanneer ’n brand uitbreek.

Met die opleiding agter die rug, is die Engo-span nou beter toegerus om vinnig en kalm op te tree indien ’n noodgeval sou ontstaan.

UIT DIE PEN: Week 40

Ek het al lank gelede besluit dat ek ’n ambivert is.

Daar is die ekstroverte. Hierdie is die mense wat ’n vertrek binnekom en binne 30 sekondes reeds drie nuwe vriende het. Hulle kry energie van mense, gesprekke en sosiale geleenthede. Gee vir hulle ’n partytjie en hulle vra: “Wie nooi ons nog?”

Hulle dink soms hardop en as hulle stil is, wonder almal of hulle siek is. Mense wat gek is na groot groepe en baie keer die lewe van die partytjie is. Ek kan dit ook doen, maar dit maak my moeg. My rooikopsussie het altyd gesê dat ek en sy nie kuddediëre is nie. Ek staan daarby.

Dan is daar die introverte. Hulle hou ook van mense, maar hulle wil nie die hele dag met mense te doen hê nie. Hulle geniet rustigheid, alleen tyd en kleiner groepies. Ná ’n groot sosiale geleentheid wil hulle gewoonlik huis toe gaan, gemaklike klere aantrek en met niemand praat nie.

Soms kan die introverte ure lank met

jou gesels. Maar waag dit om te sê: “Kom ons gaan kuier saam met al ons vriende”. Dit is die maklikste om ’n introvert totaal af te skakel. Hulle sal soms ’n wortelkanaal verkies eerder as om te gaan kuier.

Dan is daar ambiverte dit is die mense wat sê: “Ek is ’n sosiale mens, maar nie vandag nie.” Hulle kan die lewe van die partytjie wees, maar hulle kan ook net so gelukkig wees om alleen op die rusbank te sit. Hulle kan doodstil bly met ’n funksie (effens gefrustreerd ook) en af en toe ’n luide grap maak en vir daardie paar oomblikke die lewe van die partytjie wees. Maar dan skakel hulle weer af. Dis ekke daai.

My goeie man is ’n ekstrovert. Hy sal iemand tromp-op loop en begin gesels. My gryse ou pa het altyd gesê dat my goeie man met ’n lampitaal kan gesels. En hy kan regtig!

Toe ons verlede week by die see was, het ek hier en daar my ekstroverthoed opgesit. Op die strand sien ek ’n pa en sy tienerseun. Hulle is besig om ’n groot sandkasteel te bou. Daar is ook ’n sloot rondom die kasteel. Ek stap nader.

“Het jy die bouplanne van hierdie konstruksie laat goedkeur?”

Hy speel dadelik saam.

“Ja, ek het ’n vars handtekening op die planne.”

“Wie het dit afgeteken,” vra ek.

“Die burgemeester, natuurlik.”

“Het jy vir hom ietsie onder deur die tafel gegee?”

“Dis wat ek altyd doen.”

Ons bars uit van die lag. Aan my kant is die gesprek verby. Dit is genoeg ekstrovert vir vandag, dink ek.

Hier kom my goeie man aan. Hy en Sandkasteelbouer begin groot geselse

maak. Ons weet later dat Sandkasteelbouer van Boksburg af kom en dat hy supersoniese masjiene gebruik om swak punte in konstruksiestaal op te spoor. Baie interessant, maar nie iets wat ek sou wou weet nie.

Die wind waai my hoed amper van my kop af, die sand piets my op die kuite. Die son brand. En my goeie man gesels. Ek begin later stadig weggeloop, maar my goeie man sien dit nie.

Later, toe ons regtig oor die strand loop op pad na ons blyplek, sê my goeie man: “Dit was nou ’n lekker gesels.” En ek wou eerder my storieboek lees.

Ons ry verby ’n kaaswinkel en stop dadelik. Die jong meisie wat ons help lyk soos iemand wat baie tyd in die son spandeer. Haar vlasblonde hare is wit gebleik en sy is redelik gespierd. Ek sê net “asseblief” en “dankie” maar my goeie man vat die geselsfakkel en hardloop met hernieude ywer.

“Werk jy permanent hier?” vra hy.

Sy begin ons vertel dat sy forensiese wetenskappe in Amerika studeer het. Sy probeer by die SAPD inkom, maar niemand kontak haar nie. Sy werk as ’n lewensredder by die NSRI. Sy was ook ’n professionele swemmer. Sy werk net hier om uit te help.

My goeie man gee wenke oor wie om te kontak vir forensiese werk en vra uit na die NSRI. Sy vertel van mense wat hulle gered het toe hulle met die

rivier meegesleur is. Baie interessant. Hulle gesels vir omtrent ’n halfuur en ek wou al gery het. En ek wou eerder my storieboek lees.

Ná afloop van elke erediens staan ons gesels-gesels terwyl ons koffie drink. Ek gaan sit gewoonlik by iemand wat nie wil praat nie. Dan hoef ek ook nie te praat nie. Want ek kom agter dat ek, iewers in die middel van ’n gesprek, nie meer weet wat om te sê nie.

In teenstelling daarmee gesels my goeie man met alles wat asem het. Soms moet ek hom gaan soek wanneer ek dink ons moet nou ry.

Maar, ironies genoeg, is ek die een wat met wildvreemde mense geselsies kan aanknoop. Sommer so in die ry by ’n winkel. Ek sal drie of vier sinne sê en dan is dit klaar. Op my voorwaardes.

Ek het hierdie week geleer dat ek regtig nie van geselsies hou nie. Dit was nooit eintlik ’n geheim nie, maar hoe ouer ek word, hoe meer kom ek dit agter.

Ek is regtig soms baie dankbaar dat ek met ’n ekstrovert getroud is. Hy kan die geselsies maak terwyl ek niks hoef te sê nie. Hy kry sy energie van ander mense af, mense wat met hom interaksie het. En ek? Ek wil net stilte hê. Dis hoekom ek niks gesels op ’n vliegtuig nie. Sê nou net my medepassasier wil die hele vlug lank met my praat? Ek is bang dat ek later nie meer weet wat om te sê nie.

Ek wonder watter een is jy?

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald.
Kontak Hendie 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron, 9650

Huis- en Tuinbouklub bied leersame vergadering aan

Met samewerking van Hinterland Heilbron het die Heilbron Huis- en Tuinbouklub op 16 September 2026 ’n interessante en leersame vergadering aangebied.

Marlize Naudé het die dames herinner aan die belangrikheid van goeie sonskerm, veral namate die warm somerdae nader kom en ons meer tyd buite in die tuin deurbring. Sy het die dames bekendgestel aan Environ se nuwe RAD Active-sonsgroep. RAD verwys na Reflect, Absorb, Defend en die produk bevat onder meer antioksidante soos vitamien D en E. Die produk is sag op die vel, sweetbestand, laat die vel “asemhaal” en is geskik vir sensitiewe vel. ’n Hoër SPF beteken nie noodwendig dat ’n produk altyd beter beskerming bied nie. Die korrekte gebruik van sonskerm, saam met ander sonbeskermingsmaatreëls, bly belangrik.

Etienne Booysen, verteenwoordiger van Protek, het ’n verskeidenheid produkte bekendgestel. Guanoflow is ’n suiwer organiese produk wat veral geskik is om grasperke ’n vinnige, lowergroen voorkoms te gee. Resultate kan binne ongeveer ’n week sigbaar wees. Garden Defender, wat Protek Imidor vervang, is ’n sistemiese insekdoder. Dit word nie direk op die plant gespuut nie, maar word deur die wortels opgeneem. Dit kan voorkomend sowel as vir beheer gebruik word. Garden Defender is die generies van Koinor, soos gebruik vir luise op konifere. Ideaal vir kosoniel, wat by turksvye voorkom. Spray Kill word vir vrugtevlieë gebruik en toediening moet nie plaasvind terwyl die bloeisele deur bye bestuif word nie. Insect Fumigation Fogger, Insect Fogger en Fumigation Tabs is bespreek, vir die uitwissing van kruipende insekte en kakkerlakke. Fendona en Alphathrin is watergebaseerde en reuklose produkte wat onder meer vir vlieë en ander insekte gebruik kan word. Ná die aanbieding was Sannette Muller die

gelukkige wenner van Protek se geskenkbewys. Linda le Roux van Starke Ayres het daarna praktiese wenke oor plantvoeding en plantversorging gedeel. Wetcit is ’n organiese produk met ’n lemoenbasisolie wat as benater en onkruidoder gebruik word en verskeie plaagprobleme kan help aanspreek. Die volgende wenke is gedeel 3:1:5 kunsmis is ideaal vir Clivia’s, indien jou grond alkalies is gooi organiese kunsmis en die gebruik van die produk All Buff neutraliseer die Ph-vlakke. Die dames is ook gewaarsku om nuwe huisplante nie onmiddellik ná aankoop oor- of onderwater te gee nie, maar hulle eers kans te gee om by hul nuwe omgewing aan te pas.

Blanche Nel het met Starke Ayres se geskenkbewys weggestap. Bianca Kees, van Plantarium Tuinsentrum in Kroonstad, het die oggend afgesluit met ’n interessante aanbieding oor plante en die keuse van die regte plant vir die regte plek. Haar boodskap was eenvoudig: “Kleur verkoop!” Maar mooi plante moet nie net op grond van hul voorkoms gekoop word nie. Tuiniers moet seker maak dat die plante wat hulle aankoop, werklik in hul tuin en in die Vrystaatse klimaat sal floreer. Sy het ook gewaarsku dat sagte winter tot meer insekte kan lei. Sy het die dames aangemoedig om hul plante fyn dop te hou. Wanneer ’n plant nie gelukkig lyk nie, is daar gewoonlik ’n rede. Dit kan met die grond, water, lig, voeding of standplaas verband hou. Met haar besondere liefde vir plante het Bianca ook vertel dat plante uniek is en dat ’n tuinier sy of haar plante moet leer ken. Haar boodskap dat ons met “geloof” tuinmaak – met geduld, aandag en vertroue dat die tuin met goeie versorging sal floreer – het die oggend mooi afgesluit.

Die dames het haar aanbieding met groot entoesiasme ondersteun. Dit was ’n oggend vol praktiese kennis, nuwe produkte en waardevolle tuinwenke.



Vlnr: Etienne Booysen (Protek), Nonna Roos (Tuinboulid), Gerda Pieters (Tuinboulid), Carol Snyman (Tuinbou Bestuurslid), Riaan van Eeden (Hinterland Heilbron), Linda Prinsloo (Tuinboulid), Bianca Kees & eggenoot (Plantarium Tuinsentrum Kroonstad) & Linda le Roux (Stark Ayres).



Protek gelukkige wenner - Sannette Muller (Tuinboulid) & Etienne Booysen (Protek-agent).



Starke Ayres gelukkige wenner - Blanche Nel (Besoekeer) & Linda le Roux (Stark Ayres-agent).



Hoogte Boerevereniging Braaidag by Huis Bron-van-Heil

Ons vier ons lewende erfenis en versterk die bande wat ons bind. Om saam om ’n vuur te kuier en vleis te braai is tipies Braaidag. Dít is presies wat die manne en vroue van Hoogte Boerevereniging op Erfenisdag gedoen het. Die eregaste was weereens die inwoners van Huis-Bron-van-Heil. Daar is heerlik in die tuin onder die bome saam gekuier, gesels

en geëet. Skaaptjops- en wors, papterte, slaai en roomys was op die spyskaart. Daar is ook gesellig saam “pool ball” in die snoekerkamer gespeel. Dië kuier bly ’n hoogtepunt op elke Huis Bron-van-Heil-inwoner se kalender. Dankie aan Hoogte Boerevereniging vir die mooi gebaar. Die inwoners van die tehuis klink ’n glasie op julle!



Op die foto Agter vl: John Keogh, Simon Germishuys, Willie Matthee, Patat van Rooyen, Frans Muller, Alwyn Swart, Paul Keogh, Jaques Swart, Pierre Botha. Middel: Thys Els, Corjan Roos, Jolandie en Uys van Rooyen, Cathy Muller, Kerneels en Connie Fourie, Izerka Swart, Marina en Cor van Deventer. Voor: Helgard Claassen, Jasper van der Bijl, Elizma, Johan en Imke Germishuys en Nonna Roos.



Die VVA het jou hulp nodig om die groot nood in ons dorp aan te spreek. Ons is ernstig besig met ’n paar fondsinsamelings om soveel moontlik van ons behoeftige kinders se skoolbenodighede te voorsien. Vir net R20 staan jy die kans om ’n heerlike sjokolade koek te wen. Koop jou loodjies voor of op 30 Oktober 2026 by VKB, Hinterland, BKB, Arrie Nel Apteek, Platteland Apteek, Oasis, Plaaskombuis, Shalom, Bonus, Heilbron Herald, Salon Geody, Twist & Curl, Salon Zinadri, Kopanang of by enige van die bestuurslede. Enige skenkings is ook steeds broodnodig en kan by Salon Geody afgegee word. **Heilbron VVA se Straat Verkoop wat Woensdag sou plaasvind is geskuif na VRYDAG, 2 OKTOBER 2026.** **Allerlei items en materiale is beskikbaar.** Kom snuffel saam en ondersteun ons, op die sypaadjie van Salon Geody en Roos Meubels vanaf 9h00 tot 14h00. Baie dankie aan elke skenker! Jy maak dit vir ons moontlik om ander te help!

Vrystaat Versorging in Aksie

Vir slegs **R20**, en ’n kans om hierdie heerlike koek te wen, help JY ons om ons dorp se kinders te help met nodige skryfbehoeftes.

TREKKING VIND PLAAS op 30 OKTOBER 2026

- Agter elke sukses-verhaal is daar hande wat gehelp het.
- Agter elke gemeenskap wat groei, is daar harte wat omgee.
- Agter elke toekomstige van hoop, is daar vrywilligers wat kies om betrokke te raak.

Aankom by die VVA se stand op 30 Oktober 2026 om jou kans te maak om hierdie heerlike koek te wen.

Dankie JY MAAK ’N VERSKIL!

TREKKING VIND PLAAS op 30 OKTOBER 2026

Vir enige navarre, kontak gerus ons vriendelike bestuur: **Rachelle Booysen 0730211073, Riana Mouton 0733787940, Ina Slabbert, Lydia Terre Blanche, Nita Naude en Yvonne Smit.**

Van 'n gewone skoolsaal na 'n betowerde woud

Hoërskool Heilbron se matriekafskeid op 23 September het vanjaar behoorlik soos iets uit 'n sprokie gelyk. Met “Enchanted Forest” as tema is die skoolsaal omskep in 'n betowerende ruimte wat 'n besonderse atmosfeer geskep het. Dit was moeilik om te glo dat dit dieselfde skoolsaal is wat Heilbronners so goed ken. Vir een aand het die gewone saal plek gemaak vir 'n elegante, sprokiesagtige woud waarin die matriekleerders hul spesiale aand kon vier. Die versiering het tot in die kleinste besonderhede aandag gekry. Tafels is met natuurlike elemente en sagte beligting afgerond, terwyl stringe liggies oor die plafon gespan is en die hele vertrek in 'n warm gloed gehul het.

Juffrou Leanri van Vuuren en Juffrou Chantal Kruger, saam met die graad 11-ouers, het behoorlik uitgehaal en gewys om die saal in iets besonders te omskep. Die eindresultaat was 'n ruimte wat skaars herkenbaar was en perfek by die tema gepas het. En toe die matriekleerders hul verskyning maak, het hulle die sprokiesprentjie voltooi. Die dogters het stylvol en elegant gelyk, asof hulle reguit uit 'n sprokie gestap het, terwyl die seuns soos ware here – netjies, stylvol en met die nodige selfvertroue – vir hul groot aand opgedaag het. Die groot oop dansvloer het gou die hart van die aand geword. Onder die sagte liggies en tussen die groenigheid het die matriekleerders saam met hul maats gedans, gelag en die aand geniet – totdat dit laat geword het en die sprokieswoud moes plek maak vir die werklikheid. Vir 'n paar kosbare ure was hulle egter net matriek-leerders besig om herinneringe te maak wat lank ná die laaste dans sal bly. Van 'n gewone skoolsaal na 'n betowerde woud – Hoërskool Heilbron se matriek-afskeid was 'n aand waarin verbeelding, moeite en baie liefde vir die matriekklas saamgekom het. En vir een aand was die werklikheid dalk bietjie minder belangrik as die sprokie.

Foto-erkenning: Kosmos Fotografie



KENNISGEWINGS

KENNISGEWING AAN KREDITEURE EN DEBITEURE IN BESTORWE BOEDEL

In die boedel van wyle **AJ HERBST, ID 710525 0025 087**, in lewe getroud buite gemeenskap van goed en woonagtig te plaas Lauretta, Heilbron, 9650.

Oorlede op 9 September 2025.

Meesterverwysingsnommer: 3032/2026

Krediteure en debiteure word hiermee versoek om hulle eise teen die boedel en hulle skulde aan die boedel in te dien en te betaal binne 30 dae gereken vanaf datum van publikasie hiervan.

**LOUISE SNYMAN
RINGERSTRAAT 68, HEILBRON, 9650
POSBUS 809, HEILBRON, 9650
TEL NR: 082 965 4964**

JJJ

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer No. T 14073/2015** passed by the Duly Authorised in the **Estate Late Anna Cornelia Schrage, Estate Number 4263/2015** in favour of Ronald Arthur Howard Louw Identity Number 710303 5159 081 in respect of certain

50 % (Fifty Percent) share of ERF 156 HEILBRON, District HEILBRON, PROVINCE FREE STATE which has been lost or destroyed.

All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the REGISTRAR OF DEEDS: FREE STATE at BLOEMFONTEIN within two weeks after the date of the publication of this notice.

Dated at HEILBRON on 28 APRIL 2026.

**AMANDA ANNE SCHUTTE
CORNELIUS AND PARTNERS INC
40 CHURCH STREET
HEILBRON**

JJJ

LOST OR DESTROYED DEED

Notice is hereby given in terms of regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer No. TE 14338/2002** passed by the Ngwathe Local Municipality, in favour of **MANKUKU ELIZABETH BANGANI Identity Number 480702 0598 086** in respect of certain ERF 1199 KWAKWATSI, District KOPPIES, PROVINCE FREE STATE which has been lost or destroyed.

All persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the REGISTRAR OF DEEDS: FREE STATE at BLOEMFONTEIN within two weeks after the date of the publication of this notice.

Dated at KOPPIES on 28 September 2026

**AMANDA ANNE SCHUTTE
26 A CHURCH STREET
KOPPIES, 9540
056 777 1884**

koppies@corven.co.za

CALENDAR 2027

Heilbron Herald Pricelist
Prices include VAT and a standard design

Heilbron Herald
44 Els street,
Heilbron, 9650
herald@heilbron.co.za
058 852 3033
083 495 5512

A4 Wall Calendar

Full Colour Print on Glass Board, 270x270mm
Punched Hole Top, 12 Month View.

Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	R 230	R 230	R 460
100	R 230	R 230	R 460
150	R 350	R 350	R 700
200	R 700	R 620	R 1 320
500	R 3 000	R 980	R 3 980
1000	R 3 800	R 1 720	R 5 520

A3 Wall Calendar

Full Colour Print on Glass Board, 420x270mm
Punched Hole Top, 12 Month View.

Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	R 240	R 220	R 460
100	R 350	R 320	R 670
150	R 500	R 500	R 1 000
200	R 850	R 800	R 1 650
500	R 3 240	R 1 000	R 4 240
1000	R 3 310	R 1 200	R 4 510

Folded Triangular Desk Calendar

Full Colour Print on Glass Board, 200x270mm
Triangular Desk Calendar, Three Viewing sides

Qty	Deposit	on Delivery	Total
500	R 780	R 750	R 1 530
1000	R 1 050	R 1 000	R 2 050
1500	R 1 240	R 1 200	R 2 440
2000	R 1 450	R 1 400	R 2 850
5000	R 3 650	R 1 600	R 5 250
10000	R 3 000	R 2 740	R 5 740

Wiro Tent Desk Calendar

Full Colour Print on Glass Board,
Wingbracket, Fold Over Pages, 2 Month View

Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	R 880	R 800	R 1 680
100	R 1 430	R 1 300	R 2 730
200	R 2 520	R 2 400	R 4 920
500	R 4 720	R 4 720	R 9 440

A3 Wiro Wall Calendar

Full Colour Print on Glass Board, Wingbracket Top,
Month to View + Front Page, 270x420mm

Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	850	800	R 1 650
100	2500	2500	R 5 000
150	4800	4800	R 9 600
200	7600	7500	R 15 100

A3 Deskpad Calendar

Full Colour Print on Bond Paper + Backing Board,
Month to Month View, 270x420mm

Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	530	R 500	R 1 030
100	1590	R 1 590	R 3 180
150	2620	R 2 620	R 5 240
200	5300	R 5 000	R 10 300
500	10000	R 8 800	R 18 800

A2 Deskpad Calendar

Constant Colour Background Print on Bond Paper,
Only Black Colour Changes + Backing Board,
Month to view, 420x270mm

Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	2000	R 6 400	R 8 400
100	8290	R 7 000	R 15 290
200	10180	R 9 000	R 19 180
500	14880	R 12 000	R 26 880

Fridge Magnet Calendar

Full Colour Print directly on Fridge Magnet,
12 Month View, 200x220mm

Qty	Deposit	on Delivery	Total
50	250	300	550
100	880	800	1 680
200	1570	1500	3 070

A5 Custom Printed Diary

Standard 170 Black Inner Pages,
12 Monthly Planners, Year Planner, 1 Week to view
Custom Cover Laminated, Wiro Bound

Qty	Deposit	on Delivery	Total
5	R195	R 0	R 195
4	R130	R 130	R 260
30	R750	R 750	R 1 500
20	R1 500	R 1 230	R 2 730
50	R3 200	R 2 540	R 5 740

2027 Dagboeke

NOU BESIKKBAAR

Elstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

Besoek ons vir al u skryfbehoeftes benodigdhede

Neem asb kennis dat sperdatum vir Advertensies en Bydraes vir Vrydae se koerant Woensdae om 10:00 is.

Elstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033

Neem asb. kennis dat die Heilbron Herald se fabriek die **15de Des. 2026** sluit en DV die **6de Januarie 2027** open.

Die winkel sluit die **18de Des. 2026** en open die **5de Januarie 2027**.

Laaste uitgawe vir 2026
Heilbron Herald
Kersuitgawe - 11 Desember
en eerste uitgawe 2027
DV 8 Januarie 2027

Elstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033

BESIGHEIDSURE

**Maandae - Vrydae:
08:00 -16:30
Saterdag: 09:00 -12:00**

POSTNET HEILBRON

Elstraat 42,
Heilbron
Tel: 058 853 0006

POSTNET HEILBRON

COLLECTION & DELIVERY

Between Heilbron And The Vaal Triangle
EVERY MONDAY, WEDNESDAY & FRIDAY

R150 per parcel

SASOLBURG
VEREENIGING
VANDERBIJLPARK

BETWEEN MEYERTON AND HEILBRON @ R200 PER PARCEL

heilbron@postnet.co.za | 058 853 0006 | 064 988 6078

FOTOSTATE

Swart / Black

A4	1 - 50 Bladsye	@ R1-50
	51+	@ 80c

A3

	1 - 50 Bladsye	@ R3-00
	51+	@ R1-50

Volkleur / Colour

A4	1 - 10 Bladsye	@ R5-00
	10+	@ R4-00

A3

	1 - 10 Bladsye	@ R10-00
	10+	@ R8-00

WINKELURE

Maandae tot Donderdae: 07:30 - 17:00
Vrydae: 07:30 - 16:30
Saterdag: 08:30 - 13:00

Elstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
E-Pos:
heraldwinkel@heilbron.co.za

SMALLS

Vir enige nuus en advertensies vir die

Heilbron Herald

Kontak Hendie 058 852 3033 of
heraldnuus@heilbron.co.za
Elstraat 44, Heilbron

DIENSTE

BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wenakkers.

Petrus Steyn, Frankfort,
Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING 082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans

072 018 3685
Heilbron

DUPNO Trading

**AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAABAKKE**

Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

BIBLIOTEEK OOP

Piercestraat 66 • Heilbron
Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:
Maandae tot Vrydae - 09:00 - 13:00
(Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
Biblioteek is gesluit op Saterdag, Sondag & openbare vakansiedae.

GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elstraat 44, Posbus 166, Heilbron

**Tel: 058 852 3033/4/5
www.heilbronherald.co.za**

E-POS ADRESSE

- Abrie Watson abrie@heilbron.co.za
- John Watson john@heilbron.co.za
- Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za
- Kobus kobuss@heilbron.co.za (Wyeformaat produksiebestuurder)
- Silma marketing@heilbron.co.za

herald@heilbron.co.za

(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512

- Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
- Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
- Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
- Hendie heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes)
- Marlene (Proeflees van koerant)
- Cara heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
- Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)

WhatsApp Nr. 066 056 1601

- heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

HERALD Sport

Kransfontein Resiesduif Klub

Op Sondag, 27 September 2026 het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Leeu Gamka gevlieg en die duife is om 11:00 gelos en die wenduif is op Maandag 28 September 2026 om 05:32 geklok op Reitz. Die afstand wat die wenduif gevlieg het was 830 kilometers. 7 Lede en 131 duife het deelgeneem.

1. Heine Hokke
2. Spartan Pigeons 2
3. Spartan Pigeons 2
4. Wolmarans & Swart B
5. Wolmarans & Swart B
6. Wolmarans & Swart A
7. Spartan Pigeons 2
8. Wolmarans & Swart A
9. Heine Hokke
10. Inkwe Loft



Op die foto van links na regs is Fritz Wolmarans en Nollie Swart van Wolmarans & Swart A met die wenduif nommer 1363.

Op Sondag, 27 September 2026 het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Beaufort Wes gevlieg en die duife is om 09:30 gelos en die wenduif is om 17:59 geklok op Reitz. Die afstand wat die wenduif gevlieg het was 754 kilometers. 7 Lede en 131 duife het deelgeneem.

1. Wolmarans & Swart A
2. Wolmarans & Swart B
3. Wolmarans & Swart B
4. Spartan Pigeons 2
5. Spartan Pigeons 2
6. Spartan Pigeons 2
7. Spartan Pigeons 3
8. Spartan Pigeons 3
9. Trio Hokke
10. Wolmarans & Swart B



Op die foto van links na regs is Sarie Swart en Herkie Swart van Heine Hokke met die wenduif nommer 678.

Die afgelope naweek was dit die laaste wedvlug vir 2026 vir Kransfontein Resiesduif klub.

Hier is die finale punte.

- Spartan Pigeons 2 1237
- Spartan Pigeons 3 1232
- Wolmarans & Swart B 1221
- Inkwe Loft 1175
- Wolmarans & Swart A 1161
- Heine Hokke 1126
- Du Plessis Hokke 983
- Trio Hokke 861
- Mollentze Hokke 420

Op Saterdag, 3 Oktober 2026 neem van die lede deel aan 'n landwyse wedvlug wat sal plaasvind vanaf Kgalagadi.

Sewe seuns verteenwoordig Hoërskool Heilbron met trots

Hoërskool Heilbron se tennisspelers het onlangs 'n besondere prestasie behaal toe sewe van die skool se seuns in die Fezile Dabi-tennisspanne opgeneem is.


Die jong spelers het met harde werk, toewyding en 'n passie vir die sport hul plek in die spanne verdien en sal die skool en die gemeenskap met trots verteenwoordig.

Zion Muller is gekies vir die O.10 A-span, terwyl Leo Engelbrecht in die O.11 A-span opgeneem is. In die O.12-afdeling is Jacobus du Plooy in die A-span, met Gerdus Engelbrecht wat vir die B-span gekies is. Die O.13-seuns het ook sterk verteenwoordiging gelever. Merwe Els en RJ Muller is albei in die O.13 A-span opgeneem, terwyl Luca Lesch vir die O.13 B-span gekies is.

Die insluiting van hierdie seuns in die Fezile Dabi-tennisspanne is 'n besondere prestasie en getuig van die harde werk en toewyding wat hulle op die tennisbaan insit.

Zion, Leo, Jacobus, Merwe en RJ wat in die

A-spanne opgeneem is sal 6 tot 8 November aan die Vrystaat-proewe deelneem, waar hulle hul provinsiale droom verder sal najaag. Die skool en die hele Heilbron-gemeenskap wens die seuns alle sterkte toe vir die komende toernooi. Mag hulle met selfvertroue, sportmanskap en deursettingsvermoë die volgende tussenstap in hul tennisloopbaan bereik.



Luca Lesch

RJ Muller



Gerdus Engelbrecht

Leo Engelbrecht

Jacobus du Plooy

Zion Muller

Merwe Els

Vir enige nuus en advertensies vir die Heilbron Herald

Kontak Hendie 058 852 3033 of heraldnuus@heilbron.co.za
Elsstraat 44, Heilbron



VIR DIE BEMARKING VAN U VEE, KONTAK:

HUGO GROENEWALD - HEILBRON
082 569 7205

ARNO SWART - EDENVILLE/PARYS/KOPPIES
067 069 8383

ANITA ELS - GOTTENBURG/WEIVELD
073 220 3515

SKAKEL GERUS ENIGE VAN ONS BEMARKERS VIR U KRAAL BESPREKING



VERMISTE SWART STAFFIE
HELP ONS OM ONS SWART STAFFIE OP TE SPOOR

BELONING AANGEBIED VIR VEILIGE TERUGBESORG

Beleë dankie vir almal se hulp met die Vermiste Staffie wat terug gebring is.

KONTAK JACO BY 083 6888 365

BKB

BELANGRIKSTE veilings

MAANDAG - 5 OKTOBER 2026

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

DINSdag - 6 OKTOBER 2026

VREDE Maandelikse veiling
Kontak Jandré Moll 082 307 9169

STANDERTON Aanlynveiling
Kontak Molie Mentz 083 229 2500

WOENSDAG - 7 OKTOBER 2026

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

FOURIESBURG Maandelikse veiling
Kontak Schaik Burger 076 070 1411

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516

VILJOENSKROON: NIEKERKSRUST SAVM STOET
11:00, Viljoenskroon
Kontak Piet Wessels 082 857 7827

DONDERDAG - 8 OKTOBER 2026

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schaik Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

ROSENDAL Twee-maandelikse veiling
Kontak Gerrie Britz 082 828 2855

VRyDAG - 9 OKTOBER 2026

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schaik Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Jaarlikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

THEUNISSEN: FERDIE NAUDÉ V5 BRANGUS
11:00, plaas Doornpoort
Kontak Louwtjie Bezuidenhout 082 827 7443

BKB LIMITED
61 GRAHAMSTOWN RD, NORTHERD, PORT ELIZABETH, 6001
BTW NR.: 4100101338 REG NR.: 1998/012435/06
FRANKFORT: 058 813 1071

PitStop vir Jesus bied aan

Christo Botha

- Jou verhaal is nog nie klaar nie -

17 Oktober 2026

te Heilbron-Suid
Kerksaal, om 14:00,
Gratis
Ingang 6 Ete

Laaste spreker vir die jaar!
Almal welkom!

Besprek teen 14 Okt
Tanya: 083 975 8264
Alet: 060 518 1775